S. Store 326:323.2(68232) COM.

Volume 15.

pages 1105 — 1160

11 NOVEMBER 1960.

HOF HERVAT : VERSKYNINGS SOOS VOORHEEN.

WYNAND JACOBUS WESSELS, beëdig, verklaar:

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4:

Op die tydstip toe ek geskree het "Izwe Lethu!" en die skare ook dieselfde gedoen het, kan u sê dat die skare gehoorsaam was in verband met wat ek gesê het? --- Ek sal nie kan sê nie.

Op die tydstip toe u my daar voor die skare gesien het, het ek voorgekom as die leier van die skare wat daar gewees het soos u my daar gesien het? --- Ja.

Is dit dan nie juis as ek my voorgegee het as 'n leier van die skare soos ek daar voor hulle gestaan het, en as ek iets gesê het aan die skare sou hulle na my geluister het? --- Dit is moontlik dat hulle na hom sou geluister het.

Is dit nie juis dat gedurende die lawaai het u 'n geskree gehoor van "Cato Manor!" nie? --- Dit is korrek ja.

Op daardie tydstip het u toe onder die indruk gekom dat die mense wat daar vergader het sou dieselfde doen wat gebeur het met die Polisiemag te Cato Manor? ---Dit is die indruk wat ek gekry het.

Nadat u daardie indruk gekry waarom het u my nie genader, en nadat ek voorgekom het as 'n leier soos u sê, 'n gesprek met my gevoer nie? --- Ek het dit nie raadsaam geag om met hom by die skare te praat nie.

U het ook gesê dat ek was by die hek toe ek van agteraf gestoot was deur 'n aantal van die skare, en soos u dit gestelhet het ek sommer ingebars? --- Dit is korrek ja.

En die Polisie wat daar binne gewees het het probeer om die skare terug te druk sodat hulle nie ingang kon verkry nie? --- Dit is reg.

As/........

As die Polisie daar op die toneel gewees het, kan u sê waarom die Polisie nie 'n poging aangewend het om my buitekant toe te druk nie? --- Hulle het moontlik.

Ek stel dit aan u dat u kan nie sê hulle het moontlik nie? U het daarby gestaan, en u moes dit gesien het as dit gebeur het? --- Ja, die mense is teruggestoot.

U het alreeds gesê dat terwyl ek daar by die hek gestaan het het u my daar gaan haal en binne die gebou geneem? --- Dit is reg.

Ek stel dit aan u dat u nie die persoonis wat my daar verwyder het nie? Ek het u nie op daardie tydstip daar gesien soos u beweer nie? Ek stel dit aan u dat u is nie ~~die~~ persoon wat my ~~daar~~ verwyder het nie, maar 'n ander persoonhet my daar weggeneem? --- Ek het hom daar verwyder.

Ek stel dit aan u dat toe ek u die eerste keer gesien het, was dit binne in die Polisiestasie perseel in die gebou daar? --- Nee, dit is nie reg nie.

U het alreeds vir die Hof gesê dat ek het alleen gestaan daar in die agterplaas van die Polisiestasie se perseel? --- Nadat ek hom verlaat het ja.

Stem u saam as ek sê dat toe ek daar by die kantoor gekom het, en toe ek Kolonel Spengler daar gekry het, was ek toe deur twee Polisiemanne daar opgepas? --- Daar was baie Polisie in die binneplaas, nie-blankes. Dit is moontlik dat hulle ~~na~~ hom gekyk het, ~~maar~~ ek het niemand gevra om na hom te kyk nie.

Ek stel dit aan u dat ek was deur Kolonel Spengler daar gebring, en hy het toe die twee Konstabels gevra om my op te pas terwyl hy weg was? --- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek wil van u weet of dit u plig is, aangesien u verbonde is aan die Veiligheidstaf, dat u al die boeke van die persone wat vermoedelik verbonde is aan politieke organisasies,

kan/....

kan deurkyk of soiets te doen aan hulle? --- Ek is seker geregtig om dit te doen.

Is dit nie moontlik vir ander persone wat nie aan die Veiligheidstaf behoort om die werk te doen nie? --- As 'n ander persoon dit doen dan doen hy dit moontlik met die doel om die Veiligheidstaf te help.

Is dit nie juis dat as die persoon kan help mag hy kennis dra van die werk van die Veiligheidstaf wat hy moet doen? --- Nie noodwendig nie.

As die persoon byvoorbeeld sou gestuur word, moes hy eers instruksies by u kom kry voordat hy die werk kan doen, of behulpsaam kan wees met die werk? --- Ook nie noodwendig nie.

Ek is baie verbaas Sersant Wessels, omdat u het alreeds in u hoofgetuienis gesê dat daar was sekere dokumente wat u ontvang het van mnr. Labuschagne, en ek glo dat op die tydstip toe mnr. Labuschagne die dokumente aan u oorhandig het het hy 'n verduideliking gegee hoe hy in besit van die boeke gekom het. Was dit nie miskien iets onwettigs vir hom om te doen nie? --- Nee.

Is dit nie die prosedure dat as iemand se huis deursoek word deur lede van die Veiligheidstaf, moet daardie persoon 'n lasbrief hê om die huis te deursoek? --- Dit is nie nodig nie.

Is dit ook nie nodig dat nadat die persoon beslag gelê het op die boeke wat hy daar gekry het, moet hy 'n lys maak van die boeke wat hy wegneem nie? --- Die persoon wat die boeke geneem het uit die huis, dit word verwag van hom om die eienaar van die goedere waarop hy beslag gelê het, 'n lys te gee van al die dinge waarop hy beslag gelê het.

Ek stel dit aan u dat toe mnr. Labuschagne die boeke geneem het, het hy nie die prosedure waarvan u nou melding/....

melding gemaak het gevolg nie? —— Ek weet niw wat mnr. Labuschagne gedoen het nie.

Het u die boeke toe aangeneem? —— Ja.

Het u nie miskien vir mnr. Labuschagne gevra hoe het hy in besit van die boeke gekom nie? Op watter handelswyse hy die boeke gekry het nie? —— Ja.

Dit meen dan u het geweet op watter wyse mnr. Labuschagne die boeke by my geneem het, en dat hy nie die nodige prosedure gevolg het deur 'n lys van die boeke te maak en dit daar by my ge laat nie? —— Mnr. Labuschagne dien nie op die Veiligheidstaf nie, en ek kan hom geen bevele gee wat om te doen nie.

Is dit korrek dat u het hierdie boeke ontvang aan die begin van Februariemaand van hierdie jaar? —— Ja.

Ek stel dit aan u dat dit nie moontlik is nie? Mnr. Labuschagne het beslag gelê op die boeke op die 21ste Februarie 1960? —— Dit was gedurende Februarie 1960; ek kan die datum nie onthou nie.

Geen verdere vrae nie.

<u>KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8:</u>

Is u seker voor die Hof dat u my ken? ——Ja.

Kan u sê hoe u my ken? Ken u my van sien of nie? —— Observasie en verkenning Bielagbare.

Ek wil hê u moet verduidelik onder watter omstandighede u daardie observasie gedoen het, sodat u my ken ken? Ken u my as 'n skolier of as 'n gewone persoon of as wat? —— Ek is nie bereid om hom te vertel hoe ek observasie en verkenning doen nie. Ek het die beskuldigde op 'n stadium ondervra.

Kan u sê waar was ons gewees toe u my ondervra het? —— In my kantoor.

Onthou u nog die dag of die datum? —— Dit was gedurende/....

gedurende Februarie 1960.

Kan jy miskien die datum onthou? --- Nee.

U het nie aantekenings daar gemaak nie? ---Ja, ek het.

Het u miskien sekere bewys wat u voor die Hof kan bring dat ek daar gewees het en dat u aantekenings daarvan gemaak het? --- Edelagbare, die bewys wat ek het kan ek nie by die Hof inhandig nie.

**DEUR DIE HOF:**

Sersant Wessels, waarom nie? --- Edelagbare, dit is 'n dokument.....

Sover as wat ek weet is daar in die Veiligheidstaf geen spesiale "privilege" nie? --- Nee Edelagbare, maar wat ek graag aan u wil verduidelik....

Jy is 'n gewone getuie, en hy wil net weet of jy die aantekening het sodat hy dit kan sien. --- Ek kan die dossier wat ek hou op die beskuldigde, ek kan die datum aan u wys. Ek is in besit daarvan, maar die verdere besonderhede in die dossier......

Ek vra nie vir verdere besonderhede nie. Sover het die beskuldigde dit nog nie gevra nie. Hy toets jou getuienis, of wat jy afgelê het is dat jy hom gespreek het? --- Ja.

Jy het toe gesê ja en jy het 'n aantekening gemaak.

**DEUR DIE HOF: AAN BESKULDIGDE NR. 8:**

Wat wil die beskuldigde hê, wat moet ek doen? Is hy tevrede met die antwoorde of wil hy verder voortgaan?

**DEUR BESKULDIGDE NR. 8: KRUISVERHOOR VERVOLG:**

Ek sal u sê waarom vra ek u die vraag. Dit is omdat ek wil hê u moet sê of u enige kennis dra van die uitkenningsparade en wat die doel is van die uitkenningsparade ensovoorts? Wat is die doel van die uitkenningsparade Sersant?

**DEUR DIE HOF:** Watter parade praat hy van? Van uitkenningsparades

of/....

of die een wat in Boksburg gehou is?

DEUR BESKULDIGDE NR. 8:

Ja, ek verwys na die een wat op Boksburg gehou is.

DEUR DIE HOF : AAN DIE GETUIE:

Wat was die doel van die uitkenningsparade in
Boksburg? —— Edelagbare, die doel van die parade wasomir
persone of lede van die Mag wie op Sharpeville diens gedoen
het op die 21ste Maart 1960, om die persone wie hulle by die
optogte en gedurende die onluste op die 21ste te Sharpeville
gewaar het, op die parade uit te wys.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

Het u my miskien daar gesien die dag? —— Ja.

Het u my toe uitgewys? —— Ja.

Ek stel dit aan u u het my nie daar uitgewys op
die uitkennings parade nie? —— Ek het hom uitgewys.

Is u seker dat u het my by die Sharpeville Polisie-
stasie gesien op die 21ste Maart? —— Ja.

Waar het ek eintlik gestaan daar op die perseel
van die Polisiestasie? —— Hy was nie op die perseel nie.

Aan watter kant? —— Hy was in die straat aan die
westekant, meer na 'n noordelike kant toe.

Op die stadium toe u my daar gesien het, kan u
sê watter tyd dit was? —— Dit was net na 1 n.m. op die
21ste.

Toe u my daar gewaar het het ek iets gedoen of
niks nie? —— Edelagbare nee, hy het ook maar hande geswaai
en blykbaar geskree—— ek kon nie hoor wat hy skree nie – hy
het gelyk na 'n persoon wat skree.

Het u nie gehoor wat ek geskree het nie? —— Nee.

Ek stel dit aan u dat op die tyd waarna u verwys
toe u my daar op daardie tydstip gesien het, was ek nie daar
gewees nie maar ek was by die kafee? ——Nee, ek het hom daar
gesien/....

gesien.

Is dit nie juis dat die fotos, d.i. die gewone fotos of kiekies, het 'n sekere bedoeling aangaande politieke organisasies nie? —— Edelagbare, die vraag is nie duidelik vir my nie.

Ek sal u sê waarom stel ek die vraag aan u. Ek wil weet waarom het u my foto geneem toe u my huis deursoek het?

**DEUR DIE HOF:**

Meen jy hy het jou portret afgeneem of het hy jou portret gevat en weggedra?

**DEUR BESKULDIGDE NR. 8:**

Hy het beslag gelê op 'n portret, 'n gewone portret.

**DEUR DIE HOF : AAN DIE GETUIE:**

Het jy sy huis deursoek en beslag gelê op 'n portret? —— Ja, ek het.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Waarom het u die portret dan geneem? —— Ek het dit as belangrik beskou.

Is u miskien in staat om te sê vir watter doel u dit geneem het? Watter belang het dit? —— Ja, die foto is vir my belangrik vir toekomstige uitkenning.

**DEUR DIE HOF:**

Sersant Wessels, wanneer het dit gebeur ongeveer? —— Edelagbare, dit is na die 21ste Maart, 'n dag of twee na die 21ste Maart.

O, dit was na 21 Maart? —— Na 21 Maart.

Voor die parade of na die parade? —— Nee, dit is voor die parade.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Het u al die portrette geneem wat u by die persone se huise gekry het waar u die huise deursoek het of nie? ——

Nee/....

...sal ek dit nie neem nie.
Nee, as 'n Foto nie duidelik is nie
By die ander huise wat u deursoek het, het u ook
portrette van die persone se huise geneem? —— Nee.

DEUR DIE BESKULDIGDE (NR. 8):

U Edelagbare moet net weet dat ek nie tevrede is
nie, en ek vra dat die getuie my portret moet teruggee.

DEUR DIE HOF:

Ja, ek is nie bereid om nou op daardie saak in
te gaan nie. Jy sal hom moet dagvaar as hy dit nie wil
teruggee nie, en dan moet 'n Hof daardie saak spesiaal
besluit. Gaan maar voort met jou kruisverhoor.

DEUR BESKULDIGDE NR. 8:

Geen verdere vrae nie.

DEUR DIE HOF : AAN BESKULDIGDE NR. 8:

Is jy tevrede verder? Ek meen is jy tevrede dat jy
al die vrae gevra het wat jy wou gevra het? —— Ja.

Is jy tevrede met sy antwoord dat hy aantekenings
gemaak het van daardie onderhoud wat hy met jou gehad het,
of wil jy daardie aantekenings sien? —— Ek wil hê die getuie
moet die aantekenings toon.

Ons sal later daarop aangaan.

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Edelagbare, ek wil net beswaar maak teen die
inhandiging van daardie notas.

DEUR DIE HOF:

9 Op grond van wat?

BY THE PUBLIC PROSECUTOR:

It is my submission Sir, even though my learned
friend was permitted to obtain an order that the books be
handed in, that the value of testing credibility is that he
is bound by the witness' answer. Once the witness says "I
made/....

made an entry in my pocket book" he is bound by that answer and he cannot call for this book. It can't cut both ways.

**BY THE COURT:**

No Mr. Prosecutor, I am sorry, I must disagree with you there straight away. The Defense is entitled to ask "Did you make a note of this in your pocket book?" and if the witness says "Yes" they are not bound by that. They are bound to see whether he made that note. All they cannot do, if it is a question of credibility, is to afterwards call another witness to contradict him.

**BY THE PUBLIC PROSECUTOR:**

The point in support of my argument is this Sir. That if the pocket book is produced, and the note is there, will the Court, in a hypothetical case, be prepared to regard that as corroborating a witness?

**BY THE COURT:**

I am not going into the question of the weight of evidence at this stage, I am not concerned with that.

**CROSS-EXAMINED BY ACCUSED NO. 38:** No questions.

**CROSS-EXAMINED BY ACCUSED NO. 39:** No questions.

**BY THE COURT:**

Before we go into the question of my ordering the witness to produce these notes to the Court, do you want to re-examine the witness Mr. Prosecutor?

**HERVERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Sersant, eerstens hoeveel huise het u deursoek? Het u 'n hele klomp huise deursoek na die 21ste Maart en voor die uitkenningsparade? —— Ja.

En van die huise wat u deursoek het, was dit huise van die beskuldigde persone vandag teenwoordig of nie? ——Ja.

En wat was die doel van die ondersoek? —— Die doel

was/....

was om te poog om dokumente te kry wat betrekking het op wat onmiddellik voorafgegaan het op die 21ste Maart 1960.

En Sersant, nadat u die foto of die kiekie van beskuldigde in beslag geneem het, wat het u met daardie kiekie gedoen? --- Ek het dit gehou in my bewaring.

Maar hoeveel keer het u na die kiekie verwys vanaf die dag toe u dit in beslag geneem het, tot die tyd toe u die uitkenningsparade bygewoon het? --- Nee, nooit nie.

U het gesê dat beskuldigde nr. 8 was aan die noord-westelike kant min of meer van die Polisiestasie en hy het sy hande geswaai. Na watter rigting het hy gekyk toe hy sy hande geswaai het? --- Hy het na die rigting van die Polisiestasie gekyk.

Hoe ver was hy van die draad af? Daar was verskillende rye mense, ek neem aan 'n eerste, tweede, en derde ry. Kan u miskien sê? --- Edelagbare, ek sal sê hy was ongeveer 8 of 10 tree van die draad af.

En dit moes natuurlik voor die skietery gewees het? --- Dit was voor die skietery.

Kan u sê omtrent hoe lank voor die skietery het u nr. 8 waargeneem? --- Edelagbare, dit was onmiddellik na een, d.i. namiddag, en die skietery was......

**DEUR DIE HOF:**

Ja maar op watter stadium van die gebeure? --- Dit was terwyl ek aan die noord-westelike kant, aan die binnekant van die draad gestap het.

Sersant, dit sal vir my baie meer help as jy vir my sê of dit was net voordat jy nr. 4 gevat het of nadat jy nr. 4 gevat het of soiets? --- Dit ~~was~~ is ek u wil verduidelik Edelagbare. Dit is nog voordat ek beskuldigde nr. 4 geneem het.

Nou weet ons.

**HERVERHOOR VERVOLG:**

Sersant, toe u na die parade gegaan het was enige strokie/....

strokie aan u gegee deur enige Ondersoekbeampte, enige vorm wat u miskien moes wys om die mense daar te laat weet dat u was 'n getuie wat die parade moes bywoon? —— Ja.

En wat het u met daardie stukkie papier gemaak toe u by die parade gekom het? —— Ek het dit aan die persoon wat die parade gehou het daar gegee, d.i. wat in bevel was van die parade.

Nou, voordat u die papier aan hom oorhandig het was daar enigiets op dit geskryf met ink? —— Nee, ek het nie daarna opgelet nie.

Sal u net na hierdie bewysstuk kyk, d.i. bewysstuk nr. 59? Is dit die tipe vorm wat u na die parade geneem het? —— Ja.

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Edelagbare, ek wil net my geleerde vriend oortuig dit is nie ter stawing van enige getuienis wat miskien op die vorm mag wees nie. Dit is net 'n voorbeeld van die tipe vorm wat die getuie na die parade geneem het.

DEUR DIE HOF:

Het jy gesien of ander getuies ook sulke strokies het? —— Nee, nie strokies nie.

Maar jy het so 'n een gehad? —— Ek het so 'n een gehad ja.

Maar hier is iets nou op ingevul. Is dit nou 'n ander getuie s'n?

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Ja Edelagbare.

HERVERHOOR VERVOLG:

Sersant, het u daardie inkinskrywings gemaak? —— Nee.

Het u gesien wie daardie inkinskrywings gemaak het? —— Ja, nadat ek die persoon uitgewys het het die persoon

12/....

in bevel van die parade die inskrywings gemaak.

En daardie vorm aan u teruggehandig? —— Ja.

En die vorm het u aan Kaptein van der Bergh gegee? —— Edelagbare, die persoon buitekant, weg van die parade af.

Een van die ondersoekbeamptes daarna? —— Ja.

Is u in besit van 'n Volkswagen motorkar, 'n amptelike kar? —— Ja.

Vir hoe lank is u al in besit van daardie Volkswagen kar? —— Sedert Maart 1958.

En is u bereid om te sê of u welbekend is as 'n lid van die Veiligheidstaf te Vereeniging of nie? Weet u wat die algemene indruk is van persone, naturelle en sooaan? —— Onder sekere persone van die Bantoes is ek baie goed bekend.

Nou, net om terug te gaan na die voorval toe u twee persone van naby die voorpunt van die skare geneem het daar by die munisipale kantore vroeg in die oggend. Een van daardie persone het u persoonlik weggeneem nie waar nie? —— Ja.

En die tweede persoon is deur 'n naturellekonstabel verwyder? —— Dit is korrek.

Nou, wat ek wil eerstens wil weet is dit. Was u die eerste persoon om persone te verwyder van die skare? —— Ja.

En by een van die persone wat bewysstuk 50 gevind, d.i. 'n P.A.C. lidmaatskapkaart? —— Ja.

Nou, kan u onthou of u die persoon van die skare weggeneem het wie in besit was van daardie kaart, of was daardie persoon deur die naturellekonstabel verwyder? —— Nee, dit kan ek nie onthou nie.

9 Nou, u het melding gemaak dat een van die twee persone het 'n vaal jas - u het gesê amper 'n reënjas - aangehad? —— Ja.

Kyk/....

Kyk nou na beskuldigde nr. 1 Sersant. Hy het so 'n jas aan. Kan u met daardie jas beskryf? Hoe sal u daardie jas beskryf wat hy aan het? --- Dit was byna 'n identiese jas Edelagbare.

Nou, u het gesê daar was baie min P.A.C. lede te Sharpeville?

**BY THE COURT:**

Mr. Prosecutor, just a minute. What are we to do about this coat of accused No. 1 now? Is it now to form an exhibit or not?

**BY THE PUBLIC PROSECUTOR:**

I don't wish to divest him of his clothing Sir?

**BY THE COURT:**

Otherwide I must make a note of what it looks like. Can you describe that coat to me? It happens to be a rainy day when we have all got coats on, and if today was not a rainy day you would not have been able to lead this bit of evidense.

**BY THE PUBLIC PROSECUTOR:**

He was wearing it the other day Sir. I noticed it and that is why I specifically made a note.

**BY THE COURT:**

I will leave it as it is. I am not going to take his coat from him.

**HERVERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

Nou Sersant, op watter datum of na watter maand het u verwys toe u gesê het daar was baie min P.A.C. lede te Sharpeville? --- Dit is gedurende Februarie, voor die 20ste Februarie 1960, toe ek met beskuldigde nr. 4 'n onderhoud gevoer het.

Nou, watter getal val onder die beskrywing van min sover as u aanbetref? --- Hy het aan my meegedeel dat daar

ongeveer/....

ongeveer 150 lede van die Pan Africanist Congress te Sharpevill is.

Nou, u was gister na 'n dokument verwys wat ek nog nie die voorreg gehad het om te sien nie Sersant. Die dokument is bewysstuk 58. Kon u die handtekening uitmaak op daardie dokument?

DEUR DIE HOF:

Die dokument wat mnr. Unterhalter aan u getoon het, en wat ek toe gemerk het? --- Dit is 'n soort van 'n kwitansielys dink ek Edelagbare.

HERVERHOOR VERVOLG:

Maar die handtekening? Kon u die handtekening uitmaak? --- Kan ek net weer kyk daarna asseblief?

(Dokument word aan die getuie getoon).

Ja? --- Nee Edelagbare, ek kan nie die handtekening uitmaak nie.

Sersant, u het gesê dat toe u een van die beskuldigdes ontmoet het het u gesê u is bly om hom te sien? ---Ja.

DEUR DIE HOF:

Was dit voor die hostel?

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER: (HERVERHOOR VERVOLG):

Voor die hostel? --- Dit is reg ja.

Ek mag miskien verkeerd wees maar ek was toe onder die indruk dat u het gesê dat by die ondersoek het u gladnie melding daarvan gemaak nie? Kan u onthou of u wel melding gemaak het daarvan of nie, d.i. by die regterlike ondersoek? --- Nee, ek het nie melding daarvan gemaak nie.

Ek wonder of ek miskien u geheue mag verfris? U sien op bladsy 620 van die regterlike ondersoek verskyn dit as volg: Die Voorsitter: „Het u hulle vantevore geken? —

Ek/....

Ek het. Die naam Thaddea Ntoampe was bekend aan my, maar ek het die Bantoe nie geken nie. Toe hy sy naam aan my gee het ek aan hom gesê „Wel, ek weet wie Thaddea Ntomape is. Dit is die eerste maal wat ek jou ontmoet, en ek is baie bly om jou te sien". Neem jy aan dat jy dit by die Ondersoek gesê het? —— Ja Edelagbare.

Nou Sersant, ten tye van die gebruik van die traangas daar by die munisipale kantore, het u opgelet waar die bomme gegooi was? —— Nee.

Was die traangasbomme doeltreffend? Het hulle 'n goeie uitwerking gehad? —— Ek sal nie kan sê nie, want die skare was nog daar toe ek by die Polisievangwa uitkom.

Was u teenwoordig toe die bomme wel gegooi is? —— Nee.

DEUR DIE HOF:

Sersant, in verband met beskuldigde nr. 8 se versoek aan jou wil ek die posisie aan jou duidelik stel. Het jy ten tye van daardie onderhoud met hom sy naam aangeteken? —— Het u sy naam en adres aangeteken? Ek wil net weet of sy naam en adres aangeteken is? —— Ja.

Dit is al wat hy wil sien, net of jy sy naam en adres het? Hy wil nie 'n ander woord sien nie. Is dit reg beskuldigde nr. 8?

DEUR BESKULDIGDE NR. 8:

Ek wil die naam en adres asook die datum sien.

DEUR DIE HOF : AAN DIE GETUIE:

Het jy daardie besonderhede aangeteken? —— Ja, mag ek u verduidelik dat ek nie sy naam en adres in my sakboekie skryf nie.

Nee, ek eet nie waar nie; dit maak nie saak nie. Jy het gepraat van 'n dossier of iets? —— Ja.

Kan jy die inskrywing wat sy naam en adres bevat

aan/....

aan die Hof toon? —— Ek kan dit doen Edelagbare.

Dit is wat ek wil hê; dit is al, en nie een ander woord sal ons na kyk nie. —— Dankie Edelagbare.

Is dit moontlik om dit binnekort te hê sodat ons nie daarvoor hoef te wag nie? —— Ek kan dit binne 'n paar minute gaan kry.

Sersant, staan dan maar af. Dankie, dit is al. Miskien sal ~~ons u net na~~ die teeverdaging daarvoor terugroep. —— Dankie Edelagbare.

**HOF VERDAAG.**

**HOF HERVAT:**

**WYNAND JAKOBUS WESSELS**, onder sy vorige eed, vervolg:

**DEUR DIE HOF:**

Sersant, het u daardie inskrywing miskien hier? —— Ja Edelagbare.

Nou, ek dink ek sal afkom sodat ons daar na beskuldigde nr. 8 toe gaan. Die naam, adres en die datum, kan u dit vir ons wys? —— Ja Edelagbare.

(Hof bestudeer die aantekeninge).

**DEUR DIE HOF:**

Sersant, u het nou aan my, aan beskuldigde nr. 8, en aan die ander beskuldigdes wat daarna wou kom kyk, en aan die Aanklaer en die Advokaat, 'n inskrywing getoon in 'n dossier wat u daar by u het? —— Dit is korrek.

Is daardie dossier se inhoud iets wat u nie wil openbaar nie? —— Dit is korrek.

Maar u het daar 'n naam getoon - noem net die naam? en die adres? —— Teketsi Emmanuel.

En die adres? —— Standplaas 8171, Sharpeville-lokasie, Vereeniging.

Die/....

Die dokument wat u daardie besonderhede op het is 'n deurslag getikte dokument? —— Dit is korrek.

Direk onder koolpapier? —— Dit is korrek.

'n dit het nie 'n datum op nie? —— Nee Edelagbare, dit is 'n konsep.

Is dit 'n afskrif van 'n soort verslag of iets? —— Dit is 'n afskrif van 'n verslag.

Was dit deur u opgestel? —— Dit was deur my opgestel gedurende Januarie, en nie Februarie soos ek voorheen gesê het hier nie.

Januarie 1960? —— Ja.

Dankie, u kan maar afstaan.

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, with the leave of the Court may I ask a question?

BY THE COURT:

Well, let us hear what the question is Mr. Unterhalter.

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, I propose to ask the witness something in relation to what he has just said, and in relation to what he said before the tea interval.

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER:

Sergeant, I understood you to say in evidence which you gave before the tea adjournment that when No. 8 accused came to you, you noted in some book of yours certain particulars in regard to him, namely, his name, his address, and I think in reply to a question from His Worship the date of your so noting? —— Dit is korrek Edelagbare.

Now, what you have indicated to us all a moment ago as His Worship has elicited from you, is a typed memorandum which contains the name and address as you have read it out to

us/....

us? —— Korrek Edelagbare.

Where is the document upon which you noted the information as you said to us in your evidence before the tea interval? —— Sulke dokumentjies is waarop ek krap en notas maak en ek vernietig dit want dit is oorbodig.

Now, I was under the impression from what you said to His Worship before the tea adjournment that you had yourself personally noted this in some book of yours. Why did you not tell His Worship before the adjournment that you made a rough note that you had subsequently scrapped, and the information was on record on a typed piece of paper such as you now produce? —— Dit was vir my duidelik gewees dat die beskuldigde wou graag sy naam en adres en die datum hê, en ek het dit afgetik vanaf die oorspronklike dokument wat ek gemaak het, vanaf die notas.

Was it not clear to you Sergeant from the question that I heard accused No. 8 put to you, that he wanted to get a comparison of what you had written down with what you were telling him? —— Nee, dit was net dat hy wou graag sy naam op 'n dokument in my besit sien.

BY THE COURT:

Well, that was my impression, that he just challenged the fact that his name and address were taken down because he was challenging the fact that there was an interview.

BY MR. UNTERHALTER:

As Your Worship pleases.

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

Now, you also informed His Worship that this took place some time in February. There is no date on that particular report. Why is there no date on that report? —— Dit is 'n konsepverslag.

What is the meaning of the word "konsep"? —— Draft.

Oh/....

Oh, a draft. Well, why is there no date on the draft report? --- Dit was nie nodig vir my om 'n datum op te sit nie.

Are not dates always important in your work Sergeant? --- Ja, op ander dokumente.

This you say is a draft report. Does that mean that there is then a final report? --- Ja.

Why have you produced a draft report for the inspection of the Court and not the final report? --- Ek mag die finale verslag moontlik oor twee jaar opstel.

You don't mean then that this is a draft report in respect of which another report was made a couple of days afterwards? This is something that you are building up, and in due course there will be a final report? Did I understand your answer correctly? --- Daar mag 'n finale verslag wees. Daar mag verskillende verslae na hierdie een volg.

I understood you to say to His Worship that that was done in January? --- Dit is korrek ja.

Why did you say that this interview took place in February then? --- Daar is baie persone wie ek ondervra en op wie ek verslae moontlik mag optrek, en ek kan nie die datums of maande presies onthou wanneer ek hulle ondervra het nie.

Why did you not qualify the evidence that you gave earlier by saying "I am not quite sure of the date, but I think it might be in February", instead of giving us the impression - giving me the impression rather - that this was certainly the date? I am not suggesting that you gave the day of the month, but it is quite clear that you mentioned the month February without any qualification? Why did you do that? --- Nee, ek kan nie 'n redelike verskoning gee hoekom ek Februarie noem nie. Dit is in die omtrek van Januarie of Februarie.

Now/.....

Now that we have confronted you with the fact that there is a difference in the dates and that your evidence was approximate, you admit that your evidence was approximate in regard to the date? --- Edelagbare, ek het nie 'n datum gemeld nie, ek het 'n maand gemeld.

Yes, but your evidence is approximate in regard to the month? --- Dit is korrek ja.

Are there other aspects of your evidence where you may have given unqualified answers, but in fact they require qualification?

**BY THE COURT:**

Mr. Unterhalter no, I am not prepared to allow you now to go on to other matters.

**BY MR. UNTERHALTER:**

No, I don't intend to Your Worship. I just want a reply to this as closing off this particular subject, and then I shall sit down.

**BY THE WITNESS:**

Edelagbare nee, daar is ander aspekte wat daar voor die 21ste Maart gebeur het en waar ek nie die presiese datums kan sê nie, maar wat op die 21ste Maart gebeur het het op die 21ste Maart gebeur.

**BY MR. UNTERHALTER: CROSS-EXAMINATION CONTINUED:**

Not in connection with dates, but generally? --- Oor die algemeen hou ek rekords van datums, d.w.s. waar dit nodig is.

Your evidence does not require any qualification, your other evidence? --- Ek weet nie wat verwag word van my ander....

No, your other evidence is exact? That is generally, what you have said throughout your evidence? It is exact, it does not require qualification according to you? --- Dit

is/....

is korrek ja.

**DEUR DIE HOF:**

Sersant, ek gaan daardie dokument nou nie as 'n bewysstuk inneem nie - dit is vertroulik - maar ek gaan my voorletters daarop plaas en die datum in geval dit ooit weer nodig is om daarvan gebruik te maak. --- Goed Edelagbare.

Dankie Sersant.

---

**JOHANNES GERHARDUS HEYL**, beëdig verklaar:

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Mnr. Heyl, is u 'n Hoofkonstabel in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging? --- Dit is reg.

En hoeveel jaar diens het u as 'n Polisiebeampte mnr. Heyl? --- Ek het 28 jaar gehad.

En vir hoe lank is u op Vereeniging gestasioneer? --- Sedert 26 Februarie 1945.

Was u al toe 'n Hoofkonstabel of nie? --- Nee, ek is op 1 September 1958 bevorder na Hoofkonstabel.

En was u ooit by die Sharpeville Polisiestasie gestasioneer of altyd te Vereeniging? --- Ek was op Vereeniging sedert daardie tyd.

Praat u enige naturelletale of Bantoetale? --- Ek kan nie eintlik die taal praat nie. Ek kan so hier en daar 'n woordjie verstaan.

Watter taal is dit? --- Dit is .....

**DEUR DIE HOF:**

Is dit nou iets meer as Fanagalo? --- Ja, dit is Xosa, maar my kennis daarvan is baie, baie min.

Verhoor/....

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

En voor Vereeniging was u by enige naturellegebiede gestasioneer? --- Ek was in die Transkei gestasioneer, hoofsaaklik op Umtata in die administratiewe kantoor van die Distrikskommandant.

Het u ooit voor die 21ste van Maart hierdie jaar enige ondervinding van Bantoeskare of gevegte of onluste gehad? ---My ondervinding daarvan is baie min.

Baie? --- Baie min.

Voor die 21ste Maart was u bewus van enige politieke beweging te Sharpeville naturellederp? ---Ons het etlike gerugte gehad van bewegings wat aan die gang is, hoofsaaklik deur middel van die P.A.C.-beweging, dat daar betoog gaan word oor die wegdoen van die bewysboekies.

Is die gewone naam vir 'n bewysboekie 'n pas? --- Wel, voordat die bewysboekie in werking gekom het, was die gebruik om die woord "pas" te gebruik, omrede die Bantoe alleenlik net sy ander dokumente los aan hom gedra het, en die Bantoe-administrasie het dit goed gedink om die bewysboekstelsel in werking te stel, om die Bantoe sodoende in staat te stel om al sy dokumente in een houer bymekaar te hê.

Dit is streng volgens Wet mnr. Heyl? --- Dit is reg.

Maar wat ek van u wil weet is het u opgelet al dan nie of mense verwys na die bewysboekie as hulle pas in die algemeen, d.i. as hulle van daardie dokument praat? ---In die algemene volksmond word die boek na verwys as 'n pas, maar onder die Polisie word daar nie na 'n pas verwys nie maar wel na 'n bewysboekie.

En wanneer het u of het u enige inligting gekry voor die 21ste van Maart op watter dag die Bantoes hulle betogings gaan hou? --- Daar was omsendbriewe gewees wat

deur/....

deur die P.A.C. uitgegee was dat hulle op die 20ste Maart gaan betoog vir die wegdoen van die bewysboekies.

U sê die 20ste van Maart? --- Die 20ste van Maart of die 21ste van Maart; ek is nie baie seker hoe die sirkulêre gelees het nie.

Nou, wanneer het u daardie sirkulêre gelees of die omsendbrief? Wanneer het u dit vir die eerste keer gesien of gelees, d.i. wat melding gemaak het van die datum die 21ste Maart as die dag van die betogings? ---Ek meen dit was aan die begin van daardie vorige week gewees. Die spesifieke datum kan ek natuurlik nie meer onthou nie.

Nou, was u uitgeroep op die 18de van Maart? --- Nee.

So het u eers in die prentjie gekom op die aand van die 20ste van Maart? ---Dit is reg.

En het u Kaptein Cawood vergesel vanaf Vereeniging dorp na die aanklagtekantore met 'n eenheid van blanke en nie-blanke lede van die Polisiemag? --- Die aand van die 20ste ja.

En toe u daar by Sharpeville aanklagkantoor kom, is dit reg dat Kaptein Cawood was toe besig om met die Stasiebevelvoerder te praat, en wou u in verbinding kom met u vrou? --- Ja, ek het vroeër die aand op 'n roetinebesoek van die stasie op die rondtes gekom, en my vrou was dus nie bewus van die feit dat ek op ander dienste verder gegaanhet nie, en ek het onmiddellik na die telefoon gegaan om haar te skakel, maar ek het gevind dat die telefoon is buite aksie.

Hoe laat was dit mnr. Heyl? --- Dit was ongeveer twintig oor elf, half twaalf, in daardie omgewing.

En daarna is dit reg dat u Kaptein Cawood vergesel het op sy patrollies in die lokasie, en verskillende groepe Bantoes was met knuppellope uitmekaar gejaag en soaan? --- Dit is reg Edelagbare.

Nou/....

Nou, van hierdie groepe was daar enige groep in besonder waar 'n gesprek gevoer is met iemand wat vermoedelik 'n leier was van daardie groep? ---Ja, ons het later die nag, nadat ons eers etlike groepe uitmekaar gejaag het, 'n groot groep Bantoes gevind op die oop terrein aan die suidekant sal ek sê van Zwanestraat, d.i. amper regoor die sportvelde daar. Ons het die ligte van die voertuie op die mense laat skyn, en een persoon het na vore gekom. Hy het 'n kierie by hom gehad, en Luitenant Fourie was toe in bevel van ons klompie manskappe op daardie oomblik, en Luitenant Fourie het hom beveel om sy kierie neer te sit, en hy het die kierie neergegooi en na vore gekom. Luitenant Fourie het vir hom gevra, deur middel van 'n tolk - ek staan my voor dit was Bantoe Speurderkonstabel Malaikia Mmatong. Hy het sy naam verstrek as Thomas More.

Het u die vraag gehoor wat Luitenant Fourie gestel het? ---- Ek het by Luitenant Fourie gestaan op daardie oomblik.

En wat was sy eerste vraag wat hy gestel het aan hom? ---- Hy het eers vir hom gevra wat sy naam is, en hy het vir hom gesê hy is Thomas More, en daarna het hy vir hom gevra „Wat soek julle? Wat is julle moeilikheid?" Toe sê hy dat „Ons wil nie die bewysboek hê nie, ons wil wegdoen met die bewysboeke, en ons wil 'n vergadering hou", waarop Luitenant Fourie toe vir hom gesê het of gevra het of hy die nodige toestemming het om in die lokasie 'n vergadering te hou. Daarop het hy geantwoord dat hygeen toestemming het nie, en Luitenant Fourie het hom toe beveel dat aangesien hy geen toestemming het om 'n vergadering te hou nie, en dit teenstrydig met die Wet is, dat hy sy mense moet aansê om uitmekaar te gaan en terug te gaan na hulle huise toe, en dat hy geen vergadering kon hou nie.

Nou, na watter persone het die man Thomas More

verwys/....

verwys toe hy sê „Ons het nie bewysboekies nie, en ons wil 'n vergadering hou"? —— Ek neem aan die persone wat onder sy leiding was op daardie oomblik. Daar was ongeveer sou ek skat tussen 300 en 400 Bantoes.

Mans of vrouens? ——Dit was net mans gewees sover ek kan onthou.

Wat was u skatting van die gemiddelde ouderdom van hierdie groepie Bantoemans? —— Wel, dit is moeilik om te sê want dit was in die nag en ons kon maar net die mense op 'n distansie sien <u>in die ligte</u> van die voertuie. Ek sal nie kan 'n antwoord gee op die ouderdom van die persone wat daar teenwoordig was nie.

Ek wil nie 'n besondere ouderdom hê nie, u weet van miskien die eerste vyf nie, maar wat ek wil weet is kan u die gemiddelde ouderdom van die mense in die groep vasstel? —— Ek kan nie sê dat ek die ouderdom kan vasstel nie, omrede die groep mense wat ons kon sien was nie by Mere gewees nie; hulle was 'n entjie agter hom, en alleenlik in die buitekring van die motorligte was hulle sigbaar gewees.

En toe Mere gesê het „Ons wil nie pasboeke hê nie, of bewysboeke" en so aan, het hy enige gebare gemaak of handbewegings? —— Wel, hy het vir my taamlik opgewonde voorgekom. Hy het byvoorbeeld nie stilgestaan soos wat u nou byvoorbeeld doen nie, en op 'n ordelike manier met die Offisier gepraat nie; hy het sy hande in die lug geswaai en suggesties gemaak dat „Ons wil nie daardie goed hê nie. Ons sal hulle nie meer dra nie".

En was daar enige reaksie van die 300 of 500 mense wat daar gestaan het, terwyl hierdie Mere gepraat het met Luitenant Fourie? ——Nie wat ek kon waarneem nie.

Het u opgelet of daar enige wapens sigbaar was tussen die lede van die groep Bantoes? ——Dit kon ons nie sien

nie/....

nie.

Op daardie tydstip, waar was Kaptein Cqqeod? Was hy saam met hierdie eenheid of nie? ---Nee, hy was.... ek weet nie; ek dink hy het afgegaan na die Polisiestasie toe.

Maar tydens die gesprek met More, was Kaptein Cawood daar? - - Nee, dit was met Luitenant Fourie alleen en myself en die ander manskappe.

En mnr. Labuschagne, die Superintendent - u ken hom natuurlik? ---Ja.

Was hy saam op daardie oomblik? ---Nee, ek glo nie mnr. Labuschagnewas daardie tydstip van die aand saam met ons gewees nie.

Omtrent hoe laat was dit wat u die man More met sy groep gesien het? --- Dit sou omtrent in die omgewing van half-een gewees het reken ek. Dit mag 'n bietjie later of 'n bietjie vroeër gewees het diemag.

Half-een? --- Half-een die nag ja. Dit mag eenuur wees, dit mag kwart-oor-twaalf gewees het, of seiets.

Dit was na middernag in elk geval? --- Ja.

En sal u in staat wees om Thomas, of die man wat sy naam gegee het as Thomas More, uit te wys? --- O ja, Edelagbare.

Mag die getuie met u toestemming afstaan Edelagbare?

**DEUR DIE HOF:**

Ja, seker.

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

Sal u met afstaan mnr. Heyl en deur die mense hier in die Hof kyk en sien of u daardie man kan sien? --- Ja. (Getuie dui 'n persoon aan).

**DEUR DIE HOF:**

Is dit nou die vierde een in die ry? ---Die

vierde/....

vierde een in die eerste ry Edelagbare.

Dit is beskuldigde nr. 4? ---Ja.

Die getuie het beskuldigde nr. 4 uitgewys.

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

En nadat nr. 4 gesê het hulle wil 'n vergadering hou, en Luitenant het hom meegedeel dat hy mag dit nie doen nie, wat het plaasgevind? --- Hy het omgedraai en hy het geloop.

En waarheen het hy geloop? --- Hy het teruggegaan na die skare toe.

En wat het van daardie skare geword? --- Sover ek weet het hulle.... of hulle uitmekaar uit is kan ek nie sê nie, want ons het toe van die terrein af vertrek.

Vermoedelik was dit nie nodig om hulle uitmekaar te jaag nie? --- Ons het hulle gladnie uitmekaar uit gejaag op daardie stadium nie.

Was daar enige rede hoekom julle nie die groepie uitmekaar gejaag het nie? --- Nee, daar was geen rede vir ons om op te tree op daardie stadium nie, want die Luitenant het vir Thomas More die bevel gegee dat hy moet sy mense sê om histoe te gaan, en hy het ordelik omgedraai en hy het geloop. Of hy dit gaan doen hetwweet ons nie.

Het julle vertrek voordat julle kon sien wat wel gebeur het met die groep? --- Wel, hulle het nie op daardie terrein gebly nie; hulle is weg daarvandaan af.

Hulle is weg? --- Maar of hulleuitmekaar uit gegaan het, dit kan ek nie sê nie.

In watter rigting het hulle beweeg? Het u gesien toe hulle weggaan, die skare? --- Hulle het in die rigting van die huise daar in die onmiddellike omgewing gestap.

En het hulle in 'n bondel gestap, of het hulle gestap sodat u die indruk gekry het dat hulle gaan elkeen na hulle huise toe? --- Edelagbare, dit kan ek nie sê nie,

want/....

want die mense was 'n hele distansietjievan ons af. Ons kan alleenlik net in die buitekring van die voertuie se ligte hier en daar bewegings opmerk.

En daarna het u en Luitenant Fourie op patrollie gegaan deur die lokasie? --- Ons het verder aangegaan met die patrollering van die lokasie.

En het u eenheid ander groepies teëgekom? --- Die eerste wat ons weer berig gekry het dat daar weer 'n groot saamtrek is op die voetbalgronde in die onmiddellike omgewing van daardie selfde oop stuk grond waar ons die vorige skare aangetref het ....

En het julle toe soontoe gegaan? ---Ons het soontoe gegaan en daar het ons 'n groot aantal Bantoes aangetref. 'n Klompie van hulle het op die verhogie wat daar op die sportsgronde opgerig is gesit en gestaan, en party het rondom saamgedrom.

Omtrent hoeveel was daar? --- Dit was seker goed 'n 200, 300 wat daar teenwoordig was.

En was hulle bewapen? Kon u sien of hulle enige wapens by hulle gehad het? --- Toe ons daar aankom en die voertuigligte op die groep laat skyn het, het die Offisier gesê dat ons die groep moet uitmekaar jaag. Ons het dit gedoen en baie van die Bantoes wat daar was het ek opgemerk het kieries en stokke gehad. Ek het persoonlik self op een van die sitplekke van die verhogie daar 'n "hatchet " opgetel wat vermoedelik deur een van die persone daar gedra was.

En wat het van daardie "hatchet" geword? --- Ek het hom later die nag by die Polisiestasie ingehandig.

En het julle se deur die nag die groepies uitmekaar gemaak? ---Ja, ongeveer half-vier die oggend.....

Ek/....

Ek wil nie in besonderhede gaan deur al die groepies wat julle uitmekaar gemaak het nie. Ons het reeds min of meer daardie getuienis in die algemeen, maar kan u net die Hof sê hoeveel groepies julle uitmekaar gemaak het? —— O, dit was baie gewees. Soos ek sê ongeveer half-vier die oggend het ons versterkings gekry vanaf Vereeniging van Vanderbijl onder bevel, asook van die Bantoe Munisipale eenheid wat op Sharpeville diens doen. Hulle was almal onder bevel van Majoor van Zyl.

Nou, net tot op daardie tydstip, omtrent hoeveel groepies het julle eenheid uitmekaar gemaak? —— Tot op daardie tydstip sou ek sê het ons omtrent 'n stuk of tien of twaalf groepe uitmekaar uit gejaag.

En wat was die numeriese getal min of meer van die groepies? —— Dit het gewissel van kleiner groepies van sal ek sê omtrent 60 tot 100, en ander groepe van 200 tot 250, tot 300 altemit.

En op watter manier is die groepies uitmekaar gemaak? —— Deur middel van knuppelaanvalle.

Hoekom was dit nodig om knuppellope uit te voer op hulle? —— Om die groepe uitmekaar uit te jaag.

Maar was enige pogings aangewend om met hulle te praat? —— Wel, in die meeste gevalle sou ek sê was daar nie gepraat met die groepe nie, omrede sodra as wat die Polisie op die groepies afgekom het, was die bevel gegee om hulle uitmekaar te jaag, en hulle het onmiddellik begin weghardloop, en die uitmekaarjaery is as sulks dus gestaak.

En die groepies, was hulle bewapen of nie? Was daar wapens tussen die lede van die groepe? —— Wel, die meeste wat ek kon sien was gewapen met kieries en stokke ensovoorts.

So u was nooit met Kaptein Cawood se eenheid saam gedurende die nag nie? —— Wel, later die nag was die Majoor

in/....

in bevel en die groepe is ingedeel. Majoo van Zyl was daar en Kaptein Cawood was daar en Luitenant Fourie was daar. Mnr. Labuschagne het ek ook daar later die nag opgemerk.

Ja, maar wat ek wil probeer vasstel is dit. Het u ooit onder bevel of met die eenheid waarvan Kaptein Cawood in bevel was groepe uitmekaar gemaak gedurende die nag? --- Ja, vroeër die nag.

Vroeër die nag? --- Vroeër die nag ja.

En het Luitenant Fourie op 'n latere stadium oorgeneem by Kaptein Cawood? Is dit wat gebeur het? --- Wel, ek sal nie sê datdie Luitenant oorgeneem het nie. Dit was vir my meer 'n kwessie gewees van 'n verdeling van die verskillende manne wat op daardie stadium tot die beskikking van die Offisiere was.

Maar wanneer het u weggebreek van Kaptein Cawood se eenheid en onder die bevel van Luitenant Fourie gekom? --- Dit was vroeër die aand. Die eerste klompie groepe het ons uitmekaar gejaag, en toe was Kaptein Cawood in bevel van ons gewees; toe was ons saam gewees, almal, een groep. Toe het Kaptein Cawood na die Polisiestasie gegaan en Luitenant Fourie het in bevel gebly van die eenhede. Later die nag, vroeg die oggend, toe Majoor van Zyl oorgeneem het, was die groepe opgedeel in vyf of ses of agt verskillende eenhede onder bevel van verskillende persone.

Nou, die groepie waar Thomas More, nr. 4 beskuldigde, vermoedelik die leier was, is dit moontlik dat daardie groep kon miskien later weer bymekaar gekom het, of weet jy nie daarvan nie? --- Dit kan wees, maar ek kan nie sê dat ek hulle weer spesifiek bymekaar gesien het nie.

En u sê dat omtrent 4 v.m. het Majoor van Zyl daar gekom? ---Ongeveer ja.

Dit is opdie oggend van die 21ste? --- Dit is reg.

En/....

MICROFILE JOHANNESBURG.

# END

MICROFILE JOHANNESBURG.

END

MICROFILE JOHANNESBURG.

START

MICROFILE JOHANNESBURG.

START

COMMISSION. OF INQUIRY INTO THE EVENTS IN SHARPVILLE ETC

VOL 15 CONTINUED

STARTS: PAGE 1,135

En was dit toe nog nodig om groepies uitmekaar te maak? —— Vandaar af is die.... daar was toe natuurlik baie meer Polisiebeamptes, en hulle is in verskillende groepe ingedeel, in verskillende seksies van die lokasie, en hulle is op patrollie geneem. Vir ongeveer die eerste uur of uur-en-'n-half van ons patrollering na vier het ons nog etlike groepe uitmekaar gejaag.

En was u die Offisier in bevel van die groep, of was daar 'n senier beampte saam met u? —— Kyk, die groepe was nie in een spesifieke groep nie. Daar was drie, vier afdelings bymekaar gewees, onder bevel van Majoor van Zyl party, mnr. Ferreira was saam, en mnr. Labuschagne by 'n ander groep van vier of vyf verskillende seksies.

Maar die seksie waarmee u uitgegaan het, was u hulle onmiddellike Bevelvoerende Offisier? —— Nee, daar was 'n Offisier in bevel van sover ek kan onthou elke groepie van vier of vyf seksies.

En in u seksie of groep waarmee u rondbeweeg het tussen 4 en 5 v.m., wie was u onmiddellike hoof? —— Ek was onder bevel van Majoor van Zyl op daardie stadium.

En mnr. Heyl, watter gedeelte van die naturelledorp het u gepatrolleer op daardie tydstip? Was dit die noord-westelike kant, of die suid-westelike kant, of waar? —— Ons het eers die omgewing van wat hulle noem "Site and Service" gepatrolleer, en daarna het ons die suid-westelike gedeelte vanaf.... wel, ek weet nie wat die strate se name daar is nie.....

Wel, ons het 'n idee as u die suid-westelike gedeelte noem. —— As ek die straat moet stel, Seeisostraat as die middelpunt; daardie blokke wat aan die westelike kant van Seeisostraat geleë is.

Was u ooit in die omgewing van Seeisostraat daar

by/....

by die bushaltes? ---Later die oggend ja. Vroeër die oggend, hierso omtrent van sesuur se kant af.

En dra u kennis van wanneer die eerste busse vertrek vanaf Sharpeville naturelledorp, hoe laat dit is? --- Ek weet nie die spesifieke tyd wat die busse daar vanaf die lokasie na Vereeniging vertrek nie, maar dit was ongeveer hier by half-ses die oggend. Toe was ons in die omgewing van die Polisiestasie, en ek het opgemerk dat daar baie Bantoes by die bushalte op die bepunt van Seeisostraat saamgedrom is, maar dat daar geen busse in die lokasie was op daardie tydstip nie.

Het u gaan ondersoek instel om te sien wat daar by die bushalte plaasvind? --- Ons het daarlangs gepatrolleer en toe het die Offisiere gesê wel, die busse is nie hier nie, en hulle het toe daarvandaan af aangery na die hostel toe, na die Munisipale geboue toe.

Toe was daar vermoedelik 'n klomp mense daar wat vir busse gewag het? --- Dit is so.

En het u enige insidente gesien by die bushalte daardie oggend? --- Nie enigiets spesifiek nie.

En het u toe later in 'n oostelike rigting met Seeisostraat beweeg tot by die Munisipale kantore? --- Dit is reg.

En hoe laat het u daar gekom by die Munisipale kantore? --- Edelagbare, dit sou ongeveer kwart-oor-ses, half-sewe se kant wees.

En wat was die algemene toestand in die straat daar toe u by die hostel gekom het? Was daar enige Bantoes daar? --- Daar was etlike Bantoes in daardie omgewing, maar nie soveel as wat hoërop in Seeisostraat was vroeg die oggend nie.

Was hulle by bushaltes, of het hulle net daar

oral/....

rals rondgestaan? --- Nee, hulle het maar daar rondgedrentel,
n die straat, en in die ingange na die hostel toe, en in
ie dwarsstrate in, en in die omgewing van die hostel.

Kan u miskien die Hof vertel wat u indruk was van
ierdie Bantoes? Of hulle mense was wat wou 'n bus gehaal het,
aar aangesien daar nie busse was nie het hullemet daar
rondgedwaal en rondgestaan? --- Dit het vir my so voorgekom
at die mense het op die busse gewag, en dat daar geen busse
was vir hulle om hulle te vervoer nie.

En vir hoe lank het u daar by die Munisipale
kantore gebly? --- Ons was daar gewees tot omtrent so twintig
voor sewe. Toe het daar 'n bus aangekom, maar die bestuurder
van die bus het geweier om in die lokasie in te gaan, en ek
et toe verneem daar van die Direkteur van die busdiens, maar....

DEUR DIE HOF:

Ja, ons kan maar net die feit kry dat hy geweier het.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Mnr. Heyl, die bestuurder van die bus, was hy 'n
blanke of 'n nie-blanke? --- Hy was 'n blanke gewees.

Weet u of hy naderhand wel weer in die lokasie
ingegaan het met sy bus? --- Sover ek weet het hy glad nie die
lokasie binnegegaan nie.

En vir hoe lank het u gebly daar by die Munisipale
kantore? Was daar enige moeilikheid daar gewees? --- Kort nadat
die bus daar arriveer het, het Kaptein Cawood ook daar aangekom,
en daar was toe 'n baie groter samedromming in die omgewing
van die hostel. Ons het soontoe gegaan en Kaptein Cawood
het met die skare wat toe daar vergader was gepraat, en vir
hulle gesê dat hulle moet uitmekaar uit gaan, daar is nie
busse nie; daar word gepoog om die bestuurders te vind om die
busse in te bring, maar die skare het nie uitmekaar uit gegaan
nie.

Waar/....

Waar het die skare vergader? Daar by die hostel of by die Munisipale kantore of nog verderaan? ---Dit was by die hostel, in die omgewing van die hek daar.

Ken u enige leiers of vermoedelike persone wat in beheer was of leiding gegee het aan die skare sien? --- Terwyl ons daar by die hostelse ingang, by die hekke was, het daar baie geraas en geskree deur die skare gewees. Daar was mans, vrouens en kinders gemeng deurmekaar, en een Bantoe het elke keer pertinent na vore gekom en sulke bok-spronge gemaak voor die Offisier.

Watter Offisier was dit? ---Wel, dit was 'n bietjie laat in die oggend. Dit was Majoor van Zyl gewees.

U gaan net 'n bietjie te vinnig vooruit mnr. Heyl. Ek wil nou net met die tydstip handel toe Kaptein Cawood daar was. Omtrent hoeveel Bantoes het toe indaardie omgewing vergader, op die tydstip toe Kaptein Cawood met hulle gepraat het? --- Dit was seker goed tussen 'n 2,000, 3,000 wat daar gewees het. Terwyl die Kaptein daar met hulle gepraat het het 'n Bantoe na vore gekom wat die P.A.C. teken en "Away with passes!" plakkaatjie op sy lapel van sy baadjie gehad het. Toe hy by die voorpunt van die skare uitkom het hy sy regterduim in die lug gesteek twee-, driekeer, en daar was 'n geweldige toejuiging van die kant van die skare, en op daardie tydstip het Speurdersersant Wessels na vore gekom en die Bantoe gearresteer.

Nou, sal u daardie Bantoe kan uitken of uitwys? --- Ek was teenwoordig toe Sersant Wessels die Bantoe se naam afgeskryf het. Hy het sy naam gevra en hy het sy naam verstrek as Johannes Manyake.

Hoe ver was u van Sersant Wessels toe hy die Johannes Manyake vanuit die skare geneem het, of hom weggeneem het? Aan hom gevat het en hom weggeneem het? --- Hy was buite

die/....

die punt van die skare gewees toe Sersant Wessels hom gearresteer het.

Maar hoe ver was u van dit af? ---- Ek was ongeveer sover soos wat u nou van my af is.

So 10 na 12 voet.

DEUR DIE HOF:

Ek noem dit omtrent ses tree; vyf of ses tree.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Ongeveer vyf of ses tree? ---- Vier of vyf tree sal ek sê.

Was daar enige lawaai tydens die voorval toe Sersant Wessels die man wegvat, of aan hom vat om hom weg te vat? ---- Toe Sersant Wessels/die Bantoe gearresteer het, het die skare baie geraas en geskree; krete geuiter in Bantoetaal, maar ek weet nie wat hulle gesê het nie.

Het u enige gesprek gehoor of enige woorde wat die Bantoe miskien kon gesê het of wel gesê het net kort voordat Sersant Wessels aan hom gevat het om hom weg te lei? ---- Ek het nie gehoor dat hy met iemand gepraat het nie.

Sal u die man Johannes Manyake kan uitwys? ---- Ek reken so Edelagbare.

Voordat u afstaan, was enige ander persone weggelei nadat Sersant Wessels hierdie Johannes Manyake weggeneem het? ---- Nie sover ek kan onthou nie.

Nie wat u gesien het nie? ---- Nie wat ek gesien het nie.

DEUR DIE HOF:

Mnr. Heyl, dan onthou jy nie dat Sersant Wessels of iemand 'n tweede persoon weggeneem het nie? ---- Daar was 'n ander Bantoe reeds in die vangwa toe hy vir Johannes Manyake in die vangwa geplaas het.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Het jy gesien hoe of onder watter omstandighede

daardie Bantoe in die vangwa gekom het? —— Ek het dit nie waargeneem nie.

So u is nie in staat om te sê wie het die eerste een weggeneem nie, of hoeveel Sersant Wessels weggeneem het nie? —— Ek weet gladnie.

Het u enige gesprek gekeermet die Bantoe wat reeds in die vangwa was toe Manyake verwyder is? —— Ek het geen gesprek gevoer met enige van die Bantoes wat toe in die vangwa was nie.

Sal u die twee persone kan uitwys, d.i. Manyake en die ander een? ——Ek kan Manyake uitwys maar nie die ander persoon nie.

Mag die getuie afstaan Edelagbare?

DEUR DIE HOF:

Ja.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Sal u net afstaan mnr. Heyl en kyk of die man hier is wat u gesien het? —— Daar is Manyake daar, d.i. beskuldigde nr. 1. (Getuie dui beskuldigde nr. 1 aan).

Het u opgelet mnr. Heyl watter soort klere hy aangehad het, d.i. Johannes Manyake? —— Dit staan my voor hy was in 'n pak klere aangetrek; hy het 'n gewone pak klere aangehad.

Dit wil sê 'n baadjie en broek? —— 'n Baadjie en broek.

Is u seker daaromtrent? —— Ek is nie baie seker omtrent of hy dalk 'n jas aangehad het of so; dit kan ek nie sê nie, maar dit staan my voor dat hy in 'n pak klere aangetrek was.

Het u gehoor wat Kaptein Cawood met die skare gepraat het, wat hy vir die skare gesê het, of vir die Bantoes gesê het? —— Ja, die Kaptein het etlike kere vir die skare

gesê/....

gesê dat hulle moet uitmekaar uit gaan, hulle kan nie hier saamdrom nie, en hulle het eenvoudig krete ge-uiter en hulle duime in die lug opgesteek, en die "Afrika!" kreet het hulle ook baie keer ge-uiter.

Weet u ~~of~~ Kaptein Cawood reeds teenwoordig was toe Sersant Wessels nr. 1 beskuldigde weggelei het vanaf die skare? --- Ek kan nie sê of die Kaptein op daardie spesifieke moment daar was nie, maar dit staan my voor dat die Kaptein daar teenwoordig was, maar ek kan dit nie met beslistheid sê nie.

En wat het gebeur nadat die Kaptein se pogings misluk het? --- Daar was geen reaksie van die kant van die skare om uitmekaar te gaan nie.

En hoe het Kaptein Cawood toe opgetree? --- Kort daarna het - ek dink dit was Sersant De Koker - met 'n kassie traanrookbomme daar opgedaag.

Wie het ~~vir die~~ traangasbomme gestuur, of onder watter omstandighede het hulle daar gekom? --- Wel, ek vermoed die Kaptein het dit laat haal of iemand het dit gestuur op sy bevel.

Wel, toe die traangasbomme daar gebring was, het Majoor van Zyl reeds daar aangekom of nog nie? ---Nee, Majoor van Zyl was nie op daardie tydstip daar teenwoordig nie.

Nou, toe Sersant Wessels sy arrestasie uitgevoer het - ek sal dit maar noem 'n arrestasie....

<u>DEUR DIE HOF:</u>

Weerspreek jy nou jou getuie, want hy sê dit was nie 'n arrestasie nie!     Soek jy maar na 'n woord?

<u>DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:</u>

Nee Edelagbare, my woord is eon woord in plaas van "weggeneem het"!

<u>VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:</u>

Wel, ek sal dit so stel. Toe Sersant Wessels

nr.1/....

nr. 1 beskuldigde weggeneem het, hoe het die skare gelyk? Waaruit het hulle die meeste bestaan, mans of vrouens? --- Dit was nog altyd dieselfde skare wat bestaan het uit mans, vrouens en kinders.

En waar was die vrouens en kinders sover as wat dit die skare aanbetref het? ---Party was aan die voorpunt van die skare, en ander was weer gemeng tussen die mans en die vrouens.

Was daar enigiets opvallends vir u in die manier waarop die persone hulle posisies in die skare gehou het? --- Al wat dit vir my voorgekom het is asof die kinders en die jong Bantoemans en die vrouens, wel daar was meer aan die voorpunt van die skare as wat daar dieper in die skare was.

Ken u enige van die krete of aanmerkings wat gemaak is net kort voor of kort nadat Sersant Wessels die man weggeneem het, hoor of uitmaak? ---Wel, al krete wat ek gehoor het was die "Afrika!" kreet, wat baie van die mense daar ge-uiter het.

Nou, u sê toe het Sersant De Koker daar gekom met die traangasbomme? --- Dit is reg.

En het u gesê of Majoor van Zyl daar was of nie? --- Majoor van Zyl was nie op daardie tydstip daar gewees nie.

En wat het van die traangasbomme geword? --- Daar is vier traanrookbomme onder die skare gegooi, waarvan sover ek weet slegs twee ontplof het.

Nou mnr. Meyl, kan u met virens 'n beskrywing gee van hierdie traangasbom? Hoe lyk hy aan die buitekant, en waarvan is hy gemaak? --- 'n Traanrookbom is gemaak van 'n glasvesel, 'n bietjie kleiner as 'n gewone tennisbal, ongeveer dieselfde rondings, met 'n lig blouerige kleur van buite, en aan die eenkant, of aan 'n kant of aan 'n punt, 'n klein

punktjie/....

puntjie aan die glasvesel.

En is daar 'n vloeistof binnekant of...? --- Ek vermoed daar is 'n vloeistof in Edelagbare, maar as u die traanrookbom van buite beskou dan kan u nie sien of daar 'n soliede inhoud is, en of dit 'n vloeistofinhoud is nie.

En waar was hulle gegooi, die bomme? --- Die eerste rookbom was gegooi 'n paar tree voor die voorste punt van die skare, wat toe tot 'n groot mate ook in die teerstraat langs gestaan het.

Op die grond? --- Op die grond ja, op die grond.

U het gesê 'n rookbom? --- Die regte woord is 'n traanrookbom Edelagbare.

'n Traanrookbom, ek sien.

En is ~~dit reg~~ dit is gegooi op iets hard, op die grond? --- Op die teeroppervlakte van Seeisostraat.

Om dit te breek? --- Daar het die eerste traanrookbom ontplof.

So hy is reg voor die skare gegooi? --- Reg voor die skare.

En die ander bomme, waar was hulle gegooi? --- Die tweede traanrookbom was meer na die regterkant van die hostelhek, waar ook 'n groot aantal was, op die grond ontplof.

Voor die mense? --- Voor die mense.

En die ander? --- Die skare het toe effens geretireer en die derde rookbom was in hulle rigting gegooi, maar ek meen dat die persoon wat dit gegooi het 'n bietjie te sterk was en die ding het half oor die koppe van die skare getrek en tussen die gras aan die kant van die sloot wat daarlangs loop geval. Dit het sover ek weet nie ontplof nie.

En was hulle doeltreffend, die traanrookbomme? --- Die rook was nie baie doeltreffend nie, omrede slegs 'n paar minute nadat die roombomme ontplof het, het die skare weer

vorentoe/....

verentoe gekom waar die Polisie stelling ingeneem het.

Het die skare staties gebly of het dit gegroei of verminder in getal? ---- Ek kan nie sê of daar op daardie stadium mense bygekom het nie, maar my berguming was op daardie tydstip was daar seker 'n 4,000 of 5,000.

En in watter rigting wou die skare beweeg? Het hulle beweeg, die skare? ---- Die skare was saamgedrom by die hek van die hostel.

Het u enige indruk gekry in watter rigting hulle wou beweeg? ---- Wel, dit het vir ons voorgekom dat die skare wou na Vereeniging toe aan marsjeer, en die feit dat die Offisiere op daardie tydstip die skare daar beveel het om uitmekaar te gaan, en die Polisie en die Munisipale beamptes op daardie punt saamgetrek was, het my die indruk gegee dat die Polisie nie wou hê dat die skare verder aan na Vereeniging toe moet deurmarsjeer nie.

Omtrent hoeveel lede van die Polisie was teenwoordig toe die traangasbomme gebruik is? ---- Dit is baie moeilik om te sê, maar ek sou skat daar was omtrent 'n dertig of 'n veertig Polisiemanne altesaam.

En nadat die bomme gegooi is en hulle nie gewerk het nie, watter pogings is aangewend om die skare uitmekaar te kry? ---- Kort daarna het Majoor van Zyl toe op die toneel verskyn.

En het hy enige samesprekings met Kaptein Cawood gehad? ---- Die Kaptein het toe die toneel verlaat en die Majoor het die bevel oorgeneem, en hy het etlike kere met die skare gepraat en hulle beveel om die terrein te verlaat, maar daar was geen reaksie aan die kant van die skare nie.

Het u gehoor wat Majoor van Zyl vir die skare gesê het? ---- Kort na sy aankoms kon ek wel hoor dat hy die bevel gegee het dat hulle moet uiteengaan. Namate die Majoor sy

bevel/....

bevel herhaal het, het die skare meer opstandiger geraak en harder geskree, en die Majoorhet toe na vore getree en sy regterhand met die vyf vingers oop in die lug gesteek om aan te dui - ek het altans die afleiding gemaak dat hy hulle vyf minute tyd gee om te gee pad. Hyhet sy regterhand in die lug gesteek met die vingers uitgestrek, en vir hulle gewys met die duim dat hulle moet geepad.

Was daar enige insident met miskien 'n lid van die skare en Majoor van Zyl op daardie tydstip? ---Dit was net kort voordat die een Bantoeman, wat telkemale na vore gekom het, en die bok-spronge voor die Majoor uitgevoer het, en 'n uiters opstandige en uittartende houding ingeneem het ....

Het jy opgelet of die Bantoe enige papiere of goed aan sy klere gehad het? --- Ek kan nie sê of hy enige mate van identifikasie aan hom gehad het nie.

En nadat Majoor van Zyl hulle vyf minute gegee het, wat het daarna gebeur? ---Toe het die Majoor omgedraai na ons toe en gesê „Kêrels, maak skoon!"

Hoe lank was dit nadat hy die teken gegee het? --- Dit was onmiddellik daarna.

Onmiddellik daarna? --- Onmiddellik daarna.

En watter bedoeling het u geplaas op die woorde „Maak skoon!" --- Ons moet hulle uitmekaar uit jaag met 'n knuppelstormloop.

En was 'n knuppelloop toe uitgevoer? --- Daar was 'n knuppelstormloop op die skare uitgevoer.

En wat het toe gebeur? Kan u dit net vir ons beskryf mnr. Heyl? --- Die Polisiebeamptes, sowel as ek staan my voor etlike lede van die Munisipaliteit, het onder die skare ingeseil en hulle uitmekaar gejaag met knuppels. Hulle het uitmekaar gespat soos - mag ek dit noem vrot velle - en in die pad op na die hostel toe het hulle party sommer oor

die/....

die hek gespring, en op pad hostel toe gehardloop. Ander het teruggehardloop in Seeisostraat in, ander het weer in die eerste dwarsstrate by die hostel opgehardloop, en in die verskillende rigtings het die Polisiebeamptes hulle agtervolg en uitmekaar gejaag.

Die Bantoes wat uitmekaar gemaak is, het hulle enige wapens gedra wat u gesien het? ---Daar was etlike van hulle wat stokke en kieries gehad het, en daar in hulle onmiddellike omgewing, waar hulle saamgedrom was, was daar hopies klippe wat ek daar opgemerk het, asook orals rond het daar klippe in die omgewing gelê.

En toe die knuppelloop uitgevoer is het die Polisie agter hulle aan gehardloop? ---Die Polisie het hulle agtervolg, maar dit is natuurlik 'n hele endjie vanaf die hostel na die eerste dwarsstrate waar die lokasie nou eintlik begin.

En toe die Polisie verby die dwarsstrate gaan, wat het gebeur? --- Nadat ons hulle teruggedryf het - ons was natuurlik te voet gewees, en hulle was te voet - het ons by die eerste dwarsstraat, waar die lokasie begin, daar het die Bantoes met klippe na die Polisie begin gooi.

Baie of min klippe? ---In die beginwas dit net enkele klippe wat uit die agterplase en aan die huise se kant uitgekom het, maar na die Polisie nadergekom het, ofna gelang die Polisie nader aan die bewoonde gebied gekom het het die klippereën toegeneem.

Was enige Polisiebeamptes getref? --- En daar was ook, toe die Polisie nou in die dwarsstrate ingaan, het daar etlike skote van vuurwapens uit daardie rigting op die Polisie gewees.

Bedoel u van Polisievuurwapens? ---Nee, nee, van die mense wat geskiet het op die Polisie.

Heeveel/....

Hoeveel skote het u gehoor wat op die Polisie geskiet is? --- Dit kan ek regtig nie sê nie. Dit was heelwat gewees. Ek kan nie sê of dit twintig of vyftig of sestig was nie; dit is onmoontlik om dit te sê.

Maar bo of onder vyftig? --- Nee, ek kan gladnie 'n beraming maak nie. Ek is jammer.

Nou, tydens die klipgooiery het u gesien of enige Polisiebeampte getref is daar die klippe? ---Ek het ook in een van die dwarsstrate ingegaan, en by die ingang, ongeveer tien tree van die ingang af, het ek Konstabel Coetzee gevind wat op sy knieë inmekaargesak het, en ek het gesien dat hy 'n oop wond bo-op sy kop het.

Was hy in enige onmiddellike gevaar? --- Onmiddellik toe ek by hom aankom het ek opgemerk dat daar Bantoes vanuit die onmiddellike perseel waar hy gewees het, wou uitstorm, en toe hulle my gewaar toe was dit asof hulle weer vasgesteek het, en ek het vir Coetzee aan die arm gevat en hom opgelig, en op daardie moment het hy die sneller van sy .303 geweer getrek en 'n skoot in die lug afgevuur.

Nou, van sy hele optrede was dit met opset wat hy die skoot afgetrek het? --- Ek sou sê dit was om te dien as 'n afskrikmiddel op die Bantoes wat hom daar wou gestorm het terwyl hy daar gewees het.

En wat het van hom geword? --- Vorentoe was daar ook 'n paar blanke Konstabels, party met rewolwers gewapen en ander met .303 gewere, en ek meen een blanke Konstabel met 'n Sten. Van hulle het ook skote afgevuur, maar ek meen dat daar niemand in daardie omgewing getref was nie, d.i. nie blankes van die Polisie nie, en ook nie van die Bantoes wat daar op die Polisie gevuur het nie.

Het jy gesien waarna hulle korrel?--- Hulle het nie na iets spesifiek gekorrel nie. Dit was vir my meer, dit

het/....

het vir my meer voorgekom as 'nkwessie om die mense uitmekaar uit te jaag, en om hulle tot die besef te bring dat „Kyk, as julle kan skiet dan kan ons ook skiet".

So 'n soort van 'n afskrikmiddel? --- Meer as 'n afskrikmiddel as om iemand te dood of te beseer.

En hoe het hierdie militêre beweging tot 'n einde gekom, ten minste hierdie Polisiebeweging? --- Nee, daar was nie verdere Bantoes sigbaar in die onmiddellike omgewing nie, en ons het toe omgedraai en teruggegaan en by Majoor van Zyl aangesluit waar hy in die middel van Seeisostraat met ander manskappe gewees het.

Wat het van Konstabel Coetzee geword nadatuu hom opgetel het? --- Hy is weggeneem vanaf die toneel met een van die vangwaens wat daar teenwoordig was. Ek meen hy was na die hospitaal vervoer.

Nou mnr. Heyl, net voordat ons aangaan, die Bantoe wat voor Majoor van Zyl gebokspring het en hom toe so uitgetart het, sal u in staat wees om hom uit te wys? ---Ek sal hom ongelukkig nie kan uitwys nie.

Waarheen het u toe gegaan na hierdie gebeurtenis? --- Na my aankoms by Majoor van Zyl het hy my instruksies gegee om 'n voertuig te neem omrede 'n boodskap wat hy gekry het dat een van die Polisievoertuie omsingel is in die omgewing van die hostel, en dat ek soontoe moes gaan en gaan vasstel wat gaande is.

Het u toe 'n klomp manne gevat en soontoe gegaan? --- Ek het 'n aantal blankes en Bantoes met 'n vangwa geneem, en in die rigting van die hostel gery.

En het u daardie voertuig gekry? --- Ek het in die een dwarsstraat by die hostel die Polisie troepedraer gevind, en terwyl ons aangery gekom het na die troepedraer het ek etlike vuurwapenskote gehoor.

Kon/....

Kon u sien vanwaar hulle kom of van watter rigting? --- Daar was vanaf die Polisievoertuig geskiet in die rigting van die oop persele en huise wat daar in die omgewing is.

Kon u sê hoekom skote op persele en huise geskiet is? --- Ek volg u nie mooi nie?

Kon u sien waarnahulle skiet of met watter doel skiet hulle na persele en huise? --- Wel, ek vermoed dat hulle het geskiet na die mense wat vermoedelik uit die persele en huise op hulle geskiet het.

DEUR DIE HOF : AAN DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Dit is vermoedens daardie. Dit is tyd dat ons nou 'n bietjie minder van vermoedens kry en meer van feite. Hy vermoed net....

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Het u enigiets gesien of gehoor wat u tot daardie vermoede laat kom het, dat hulle op mense gevuur het? --- Nee, ek het net die skote gehoor Edelagbare. Ek het geen Bantoes in daardie omgewing gesien nie.

Nou, u het daarheen gegaan met 'n spesifieke doel, om iemand te gaan help? --- Dit was die berig wat die Majoor ontvang het, dat die voertuig vasgekeer is, en ek was gestuur om te gaan uitvind of die berig juis is en of dit vals is.

Maar het u wel so 'n voertuig gekry? --- Ek het die voertuig daar gevind.

Was hulle omsingel? --- Ek het geen Bantoes opgemerk daar nie.

En daarna wat het u gedoen? Waarheen het u gegaan nadat u vasgestel het alles is nou veilig daar? --- Byna onmiddellik nadat ek daar gekom het het die skietery van weerskante af opgehou, en ons het toe daarvandaan af teruggery na Majoor van Zyl in Seeisostraat.

As u sê die skietery van weerskante, wat bedoel u/....

u daarmee? ---Die Polisie het geskiet en ander mense - wie dit was weet ek nie, ek het niemand gesien nie - het ook vanaf die huise en oop persele geskiet.

Was enige voertuie beskadig of nie? Was enige Polisievoertuie beskadig deur of die klipgooiery of enige skote? --- Daar was van die Polisievoertuie beskadig as gevolg van klipgooiery daardie oggend.

Hoeveel voertuie mnr. Heyl? Kan u net vir ons sê? --- Dit was die troepedraer en die een vangwa van die Vereeniging Polisie.

En wat was die aard van die skade aan elkeen? Hoe was hulle beskadig? --- Dit was die bakwerk van die voertuie wat beskadig was.

Was dit net die verf wat afgekrap was, of was daar duike in? --- Nee, daar was duike in die bakwerk as gevolg van klippe wat die dakke van die voertuie getref het, en daar was een voertuig wat se voorste lig ook beskadig was.

Nou, volgens die duike, kan u sê of dit 'n klein voorwerp of 'n groot voorwerp was wat daardie duike veroorsaak het? ---Ek kan nie sê of dit 'n klein....

Wel, was hulle klein of groot duike? --- Dit was soos wat 'n klip sal die bakwerk van 'n motorkar tref, of 'n paneelwa; na gelang van die grootte van die voorwerp of die krag waarmee hy gewerp word, kan die duik baie klein wees of hy kan groot wees.

Afgesien van die duike, was daar enige gaatjies waarvan u miskien 'n afleiding kon maak dat hulle was koeëlmerke? --- Nie wat ek gesien het nie.

Het u toe teruggegaan tot naby die Munisipale kantore? --- Nee, vandaar af is ons terug na die Majoor in Seeisostraat.

Waar was hy? ---Hy was nog steeds in Seeisostraat

waar/....

waar die eerste gebou van die lokasie begin.

Dit is verby die hostel. Kan u met vir die Hof op bewysstuk 2 aandui waar daardie eerste ry huise begin? U sien seker die plek wat gemerk is "Kantore en biersaal en hostel"? --- Ja.

Dan is daar 'n oop stuk grond aan weerskante van Seeisostraat, en dan kry u geboue wat daar begin? ---Ja, dit is reg.

Is dit wat u bedoel het? ---Ja.

En wat was die toestand .,.....

**DEUR DIE HOF:**

Ek weet nog gladnie wat die getuie uitgewys het nie. Die getuie moet op die bewysstuk met 'n kruis of met 'n letter of iets anders dit self aantoon. Die getuie praat van waar die huise begin. Dit spreek nosvvanself waar die huise begin, ek kan nes sien op die portret waar die huise begin.

**DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Wel, as die Hof tevrede is Edelagbare....

**DEUR DIE HOF:**

Ek verstaan hy praat nou van 'n ander punt, verby waar die huise begin.

**DEUR DIE GETUIE:**

Ek het die Majoer aangetref in Seeisostraat ongeveer in die omgewing waar die lettertjie "1" die eerste keer verskyn in Seeisostraat, Edelagbare.

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

Daar is twee eens mnr. Heyl? --- Ek sê dit was die eerste een.

By die eerste een. Is dit die meer oostelike een? --- Die eerste een.

**DEUR DIE HOF:**

Is dit dan nou by die melkdepot en poskantoor

verby/....

verby, ten weste van die melkdepot en poskantoor? Is dit reg? --- Dit is reg Edelagbare.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Dit is verby die eerste klomp huise dan mnr. Heyl, as u die lokasie ingaan nie waar nie? --- Dit is waar ..... 'n endjie dieper in, waar die eerste huise in die lokasie begin.

DEUR DIE HOF:

Mnr. Heyl, die eerste huise begin daar aan die regterkant by die kantore? --- Ek bedoel nou sover as Seeisostraat se huise, wat aan Seeisostraat grens.

In Seeisostraat is daar huise en gebou en kantore en die hostel, en dan 'n oop streep grond en dan begin die huise. Gaan maar aan.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Mnr. Heyl, wat was die toestand toe u by Majoor van Zyl kom, d.i. in verband met Bantoeskares? Was daar enige tekens van hulle? --- Daar was baie Bantoes op die sypaadjies aan die westekant van Seeisostraat, asook baie Bantoes in die systrate aan die weste- en oostekant van Seeisostraat.

DEUR DIE HOF:

Maar ons het na die noorde- en suidekant van Seeisostraat verwys. Ons het gedink hy loop van oos na wes, en ons het die benamings noord en suid gebruik, maar jy dink hy loop noord na suid? --- Ek het dit so in my gedagte Edelagbare. As dit verkeerd is dan vra ek om verskoning.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Was daar enige Bantoes tussen Majoor van Zyl en die Munisipale kantore? --- Nie sover ek weet nie.

En hoe lank het u daar gebly by Majoor van Zyl? --- Toe ek by Majoor van Zyl aankom was een van die Stengewere

buite/....

buite aksie en die Majoor het vir my gevra of ek iets daaraan kan doen, en ek het gesê ek weet niks van 'n Stengeweer af nie. Daarop het die Majoor my beveel om na Vereeniging te gaan en 'n boodskap aan Kolonel Pienaar telefonies oor te dra.

Hoe laat was dit? --- Dit was om en by in die omgewing van agtuur, kwart-oor-agt.

Wou u vir versterkings vra? ---Die Majoor het my geen instruksies gegee nie. Hy het net gesê „Gaan sê vir die Kolonel". Dit is al wat hy my gesê het.

So u moes u eie diskresie gebruik het? --- Ek moes my eie diskresie gebruik het wat ek moes gaan doen.

En het u toe wel Kolonel Pienaar gebel? ---Ek het na Vereeniging gekom en ek het Adjunk-hoofkantore gebel. Ek het nie persoonlik met Kolonel Pienaar gepraat nie, maar ek eers met Majoor Champion gepraat en hom die omstandighede verduidelik, en daarna het ek met Kolonel Lemmer gepraat en hy het vir my gesê om vir Majoor van Zyl te sê dat hy sal versterkings stuur.

Ek sien. En waarheen is u toe? --- Ek is weer terug na Sharpeville.

Met Seeisostraat? --- In Seeisostraat 'n endjie hoërop het ek die Majoor aangetref in Seeisostraat.

Was daar enige moeilikheid daar? ---Daar was baie Bantoes wat in Seeisostraat saamgedrom was aan die kant soos wat u moet deurgaan na die Polisiestasie toe.

En het u daar gebly of het u deurgery? ---Die Majoor het my onmiddellik na my aankoms daar bevel gegee dat ek moet na Sharpeville Polisiestasie gaan om te gaan vasstel wat die omstandighede daar is, aangesien hy berig ontvang het dat daar 'n samedromming by die Polisiestasie was.

En watter pad het u gery om by Sharpeville Polisiestasie te kom? Met Seeisostraat? ---Ons het nie met

Seeisostraat/....

Seeisestraat opgery nie, want daar was 'n samedromming van Bantoes in Seeisostraat. Ons het afgedraai en met 'n ompad, met die systrate langs, het ons in Zwanestraat ingekom en by die Polisiestasie se groot hek ingegaan.

Die samedromming van die Bantoes in Seeisestraat, was dit net groepies-groepies, of was dit 'n klomp van hulle bymekaar? ---Dit was klompe Bantoes bymekaar in Seeisestraat en in die systrate.

Omtrent hoeveel was daar? ---Ek het geen skatting gemaak nie omrede onmiddellik na my aankoms het die Majoor my beveel om na Sharpeville Polisiestasie te gaan.

Maar hoekom was dit nie moontlik om deur daardie skare te beweeg nie, of om daardie pad te kies deur hulle nie? Hoekom wou u dit nie doen nie? --- Omdat dit makliker was en geriefliker sou wees om met die systraatjies met 'n ompad na die Polisiestasie toe te gaan.

Ja ~~maar dit is wat ek~~ nou nie kan verstaan nie. Seeisestraat het 'n teeroppervlakte en jy ry reguit en draai links by die winkels, en dan kom jy by die Polisiestasie, nie waar nie? ---Dit is so.

Neu, u wou nou hier met die dwarsstrate gery het? --- Daar was baie Bantoes in Seeisestraat saamgedrom, en toe ons met die "Land Rover" ingekom het na Vereeniging toe is ons wees onder die klippe gesteek deur die Bantoes wat op die sypaadjies saamgedrom was.

En was dit die rede waarom u nou nie verder aan met Seeisestraat wou ry nie? --- Ek was bevrees dat as ek reguit met Seeisestraat sou deurry, dat die Bantoes die motorkar weer onder die klippe sou steek, en moontlik kon voorkeer of omkeer of aan die brand steek of wat ookal.

En u het toe met dwarsstrate gery, en het u toe uiteindelik in Zwanestraat ingekom en toe opgery tot by

die/....

die Polisiestasie? ---Dit is reg.

Omtrent hoe laat het jy daar by die Pòlisiestasie gekom? --- Dit was in die omgewing van half-tien ongeveer.

En was daar enige persone of Bantoes by die Polisiestasie? Nie lede van die Mag nie, ander persone? --- Buitekant, aan die ...... Wel, ek het dit nou Edelagbare, dat daardie deel van die Polisiestasie is die suidekant.

Dit is reg mnr. Heyl.

**DEUR DIE HOF:**

Maar ek weet nog nie watter gedeelte jy van praat nie. Kyk, daar is Zwanestraat en daar is 'n straat sonder naam? --- Dit is die voorkant van die Polisiestasie wat op Zwanestraat wys. Aan die voorkant van die Polisiestasie wat op Zwanestraat wys.......

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

Laat ek u bewysstuk 56 toon mnr. Heyl. Dit is 'n lugfoto, en dit toon aan Sharpeville Polisiestasie, en Zwanestraat is ten suide van die Polisiestasie. Het u dit mnr. Heyl? ---Ja.

So het u van oos na wes met Zwanestraat gery, en toe in 'n noordelike rigting gery en toe by die westelike hek ingedraai? --- Dit is reg Edelagbare.

En waar was mense gewees? ---Op die suidelike sypaadjie in Seeisostraat voor die hoofingang van die Polisiestasie was daar etlike duisende Bantoes.

**DEUR DIE HOF:**

Jy meen nou in Zwanestraat en nie in Seeisostraat nie? --- In Zwanestraat. Verskoon my Edelagbare.

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**

En aan die westekant het u gesê, was daar enige mense? --- Op daardie stadium was daar nie skare aan die

westekant/....

westekant van die Polisiestasie nie.

Omtrent wat is u skatting van die skare daar mnr. Heyl? ---Ek skat ongeveer 3,000, 4?000.

Mnr. Heyl, het u enige besondere metode wat u gebruik om 'n skare te skat, of hoe maak u daardie skatting van die skare? ---Ek het nie 'n besondere metode nie. Ek kan maar net gaan na my instink. As ek moet hier na die Hof kyk sal ek sê hier is ongeveer 'n sestig persone in die Hof.

En wat was die houding van die skare toe u by hulle verbygaan? Was daarenige insidente of aanmerkings? --- Al wat ek gehoor het toe ons met die "Land Rover" in Zwanestraat verby die skare ry, was "Hey? Hey8"

Mnr. Heyl, ek verstaan op goeie outoriteit dat daar is sestig persone in die Hof. Het u hulle getel voordat u ingekom het? ---Ek was nie in die Hof voor ek hier ingekom het nie.

En toe u by die Polisiestasie kom het u eers vasgestel wie is toe in bevel daar? --- Daar was niemand in bevel by die Polisiestasie op my aankoms nie. Ons was die enigste blankes wat daar aangekom hetop daardie stadium.

Hoeveel blankes was saamet?u?---- Dit was myself, Sersant Grobler en drie blanke Konstabels, en ek meen drie Bantoe Konstabels.

DEUR DIE HOF:

Net julle twee blankes, jy en Sersant Grobler? --- Myself, Sersant Grobler en drie blanke Konstabels, asook drie Bantoe Konstabels.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Hoeveel nie-blanke lede van die Mag het u op die Sharpeville Polisiestasie se perseel gekry? --- Ongeveer 'n stuk van 10 of 12 Bantoe Konstabels was op die Polisieperseel gewees.

En/....

En hoe lank was u daar voordat u weer die perseel verlaat het? --- O, ek was die hele tyd daar gewees.

Het u daar gebly tot die skietery plaasgevind het? --- Dit is reg.

En u was toe in bevel van die stasie totdat iemand anders daar gekom het? ---Dit is reg.

Wie was die persoon wie by u oorgeneem het, d.i. die bevel oorgenaen het? --- Luitenant Visser.

En hoe laat het hy daar gekom? --- Dit was ongeveer half-elf, elfuur, kwart-voorelf.

Was daar enige insidente of moeilikheid vanaf die tyd wat u daar arriveer het tot dat Luitenant Visser daar aangekom het? ---Ek het by die voorste stoeptrappies van die Polisiestasie uitgeloop, en by die stoeptrappies het ek 'n Bantoeman gesien staan.

Dit is aan die suidekant gan die stasie? --- Dit is aan die suidekant, aan die voorkant van die Polisiestasie. Ek het met die persoon in Afrikaans gepraat. Hy hetmy nie geantwoord nie.

Wat het u hom gevra of aan hom gesê? ---Ek het vir hom gevra „Wat is jou moeilikheid?"

Hoekom het jy hom dit gevra? --- Die vorige nag nadat ons knuppelstormlope uitgevoer het, het ons etlike kere by die Polisiestasie aangedoen en daar het ons verskeie kere Bantoes, mans en vrouens, aangetref wat buite die aanklag-kantoor gestaan of gesit het, en metklagtes gekom het dat....

Ek wil nie die aard van die klagtes weet nie.... Hulle het klagtes kom maak? ---Hulle het met klagtes gekom. Ek het toe gemeen dat die Bantoe wat alleen daar gestaan het by die Polisiestasie binne die gronde, dat hy moontlik soortgelyke klagtes gehad het.

Maar hy het nie geantwoord nie? --- Ek het met hom

Afrikaans/....

Afrikaans gepraat, en ek het opgemerk dat hy 'n "Away with passes!" teken op sy lapel van sy baadjie vasgesteek gehad het.

Net "Away with passés!"? --- "Away with passes!" Dit is wat ek gesien het. Ek het hom gevra wat is sy moeilikheid. Hy het my nie geantwoord nie, en ek het onder die indruk gekom dat hy blykbaar nie Afrikaans kon verstaan nie, of wou verstaan nie, en toe het ek hom in Engels gevra „Watter taal praat jy?" Hy het sy duim onder sy baadjielapel ingedruk en na vore uitgedruk met die "Away with passes!" teken, en geantwoord: "This is all we want".

Wat het u verstaan hy bedoel? ---Ek het verstaan dat hy bedoel wat die etiket op sy lapel aangetoon het, n.l. dat hy geen bewysboek verder wou dra ofhanteer nie.

Sal u die persoon kan uitwys mnr. Heyl? ---Ek sal hom kan uitwys Edelagbare. Ek hetdaarop vir hom gevra wie hy is, en hy het vir my gesê hy is Nyakane Tsolo, en bygevoeg dat hy die plaaslike Sekretaris van die P.A.C.-beweging is.

Is dit vrywilliglik aan u gesê, sonder enige uitnodiging? --- Ek het hom nie gevra wat sy status is nie, hy het dit self gesê.

Wie is die Nyakane Tsolo? Kan u hom uitwys? ---Ek sal hom kan uitwys as hy hier in die Hof is.

Sal u net deur die Hof kyk asseblief? ---Nr. 3 beskuldigde is Nyakane Tsolo, die persoon wat ek by die Polisiestasie mee gepraat het.

Hoe het u met hom gehandel mnr. Heyl? --- Ek het vir hom gesê dat as hy nie 'n bewysboek wil dra nie, dan het hy na die verkeerde plek gekom, omrede die Polisie nie kan vir hom toestemming gee om sy bewysboek te vernietig of nie te dra nie. Ek het ook vir Tsolo gesê dat „Aangesien jy blykbaar 'n grootkop in die beweging van die P.A.C. is, waarom kan julle leiers dan nie raadpleeg met die Regeringsministers

en/....

en die kwessie van die dra van bewysboeke bespreek nie?" Hierop het Tsolo my geen antwoord gegee nie, en ek het nie verder met hom gesels nie.

<u>**DEUR DIE HOF:**</u>

Het jy hom daar gelaat of wat het jy gedoen? --- Ek het hom daar gelaat by die stoeptrappies van die Polisiestasie Edelagbare.

<u>**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:**</u>

Het jy hom weer gesien voor Luitenant Visser gekom het? --- 'n Rukkie later het ek weer uitgestap na die buitekant van die perseel, en Tsolo was nog daar teenwoordig.

Nog aan die suidekant? --- Op min of meer dieselfde plek waar ek hom vroeër gelaat het.

Het u enige verdere gesprek met hom gevoer? --- Ek het vir hom gesê hy moet die mense wat hier so saamdrom en so raas en skree, hy moet vir hulle sê hulle moet stilbly, hulle moet nie so te kere gaan nie.

En wat het hy gedoen? Het hy u gehelp? --- Hyhet met die skare gepraat. Hy het sy regterhand uitgesteek, opgehef met die palm na vore, en met die vyf vingers teenmekaar.

En watter effek het dit gehad op die skare? --- Toe hy dit gedoen het het die skare hom 'n geweldige ovasie gegee, n hulle het van hulle kant af duime in die lug gesteek en eskree "Afrika! Afrika!"

Weet u mnr. Heyl of diebeweging van nr. 3 beskuldigde e regterhand, u weet soos u beduie het, het dit enige beteke-is vir u? --- Ek het verneem dat dit die amptelike teken is n die P.A.C.-beweging.

Was die mense meer kalm na dit? --- Hulle het vir meer opstandig voorgekom nadat hy daardie teken aan hulle ges het.

En/....

En wat het van hom geword? --- Maar nadat Tsolo met die skare gepraat het, het hulle ietwat tot bedaring gekom, en ek het toe weer in die Polisiestasie ingegaan.

**<u>HOF VERDAAG TOT 14.11.1960.</u>**